

Die Afrikaanse Gesange

WAAR ons nou binnekort die verskyning van die Afrikaanse Psalmboek kan verwag, sal daar seker nog heelwat tyd verloop voordat die Afrikaanse gesange gereed sal wees, aangesien die Gesamentlike Kommissie wat met die beryming belas is, onlangs uiteengegaan het en bes moontlik nie weer voor aanstaande jaar sal vergader nie. 'n Vyf-en-veertig berymings is nou finaal afgehandel, en die voorlopige hersiening van 'n ander negentigtal is intussen opgedra aan 'n onderkommissie wat bestaan uit ds. P. B. Ackermann en proff. drs. E. C. Pienaar en B. B. Keet. Die verwagting is dat hierdie onderkommissie in die eerste helfte van aanstaande jaar sy werk aan die Gesamentlike Revisiekommissie sal kan voorlê.

Ons nuwe gesangboek sal egter nie bloot 'n Afrikaanse oorsetting van die Nederlandse beryming wees nie. Daar sal heelwat gesange wat nie van hoë letterkundige waarde is nie, leerstellig onjuis is, of nie by ons landsomstandighede aanpas nie, of weggelaat of verwerk word, en die kommissie sal daarna streef om in die behoefte aan gesange wat by besondere geleenthede en tydens droogtes en ander beproewinge gesing kan word, te voorsien.

Ons Kerk in Suid-Afrika het nog nooit veranderinge en wysingne in sy Psalm- en Gesangboek soos hy van oudsher aan ons bekend is, beleef nie. Met die oog dus op die belangrikheid en die blywende aard van die werk van die gesangekommissie, sal iedereen dit seker met hom eens wees waar hy besluit het dat niks hom moet beweeg om oorhaastig te werk te gaan nie.

Dit is ewenwel die voorneme om die vyf-en-veertig gesange wat reeds klaar is, in die Nuwe Halleluja te laat verskyn. In verband met hierdie liederbundel, wat oor die lengte en breedte van ons land in sowel Sonlag- as in dagskole gebruik word, is daar indertyd skerp kritiek uitgeoefen, en niemand sal

dit betwis dat die gehalte van die bundel heelwat te wense oorlaat nie. Waar daar dus nou 'n nuwe druk sal verskyn en hierdie deeglik bewerkte en berymde gesange, waarvan reeds enige proewe in druk verskyn het, daarin opgeneem sal word, is dit seker ook die geleë tyd om die orige deel van die bundel na te sien en te suiwer, nie alleen wat die bewoording van die verse aangaan nie, maar ook die toonsettings. 'n Liederbundel soos hierdie wat in die hande van die kinders en jongmense gestel word, moet, afgesien van sy suiwer godsdienstige strekking, ook van goeie letterkundige en musikale gehalte wees. Ons wil dus in alle beskeidenheid aan die hand gee dat die Nuwe Halleluja, wat ook in menige huisgesin die enigste boek is waaruit gesing word, eers aan die oordeel van bevoegde persone onderwerp moet word voordat daar 'n nuwe druk van uitgegee word.

Aantekeninge

ADV. E. G. JANSEN het verlede week die eerste sooi omgekeer op die plek waar die Voortrekkermonument opgerig sal word. Dit het stil en sonder enige formaliteite plaasgevind in die teenwoordigheid van slegs enkele lede van die Sentrale Volksmonumentekomitee en die bou-aannemer. Die gelykmaking van die bouterrein op die koppie naby Pretoria, sal ongeveer drie maande in beslag neem, en die verwagting is dat daar vinnig genoeg met die werk gevorder sal word sodat die hoeksteenlegging in Desember 1938 sal kan plaasvind. Mag hierdie gebeurtenis vir ons volk 'n spoorslag wees tot groter opoffering en getrouer samewerking in die insameling van gelde vir die voltooiing van die werk waarmee so in stilte begin is.